
SPEZIALE REËLS VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK


Uittreksel uit die notules van die vergadering van die TRUSTEES van die IRETIRE PENSION FUND (hierna verwys as "die FONDS") gehou te Pretoria op 15 Maart 2012.

1. **BESLUIT DAT**, met effek vanaf 01 Maart 2011, AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK, (hierna verwys as "die WERKGEWER") aanvaar sal word as lid van die FONDS.
2. Die volgende SPEZIALE REËLS sal van krag wees op die werknemers van die DEELNEMENDE WERKGEWER wie LEDE van die FONDS sal word. Die SPEZIALE REËLS moet tesame met die REËLS van die FONDS gelees word en indien anders as die algemene REËLS van die FONDS sal hierdie REËLS van toepassing wees.
3. **LIDMAATSKAP**
 - 3.1. Elke WERKNEMER is verplig tot lidmaatskap van die FONDS, sodra hy/sy tot die permanente personeel van die WERKGEWER toetree en nog nie die NORMALE AFTREE OUDERDOM bereik het nie.

IRETIRE PENSION FUND

PF NO. 12/8/37716

- 3.2. Enige WERKNEMER wie in diens is onmiddelik voor die DEELNEMINGSDATUM sal 'n eenmalige, onherroepbare keuse hê om 'n LID van die FONDS op die deelnemingsdatum of binne twaalf maande na dié datum te word. Sou enige WERKNEMER nie toetree tot die FONDS binne die voorgeskrewe twaalf maande periode nie, sal die LID sy reg om 'n LID van die FONDS te word verbeur. Die WERKGEWER mag bepaal dat 'n korter periode as twaalf maande van krag moet wees.
- 3.3. Enige persoon wie 'n WERKNEMER op, of na die DEELNEMINGSDATUM word, en wie kwalifiseer vir lidmaatskap van die FONDS, sal 'n LID van die FONDS word (wanneer hy / sy kwalifiseer vir lidmaatskap).
- 3.4. 'n WERKNEMER wat toegelaat is tot lidmaatskap van die FONDS in terme van die REËLS en wie nie opgehou het om 'n LID in terme van hierdie REËLS te wees nie, insluitend 'n WERKNEMER wat tydelik afwesig is van werk in terme van SPESIALE REEL 11. "LID" – waar ookal dit in die REËLS voorkom, sluit 'n KATEGORIE 1 – LID, KATEGORIE 2 – LID, KATEGORIE 3 – LID 'n KATEGORIE 4 – LID en 'n KATEGORIE 5 – LID in, tensy daar anders aangedui word.
- 3.5. KATEGORIE 1 – LID
- 'n LID van die FONDS wat vóór of op 1 September 1993 'n LID van die FONDS was en jonger as 50 jaar was op 1 Julie 2007.
- 3.6. KATEGORIE 2 – LID
- 'n LID van die FONDS wat vóór of op 1 September 1993 'n LID van die FONDS was en 50 jaar of ouer was op 1 Julie 2007 en op daardie tydstip 'n LID van die FONDS was.
- 3.7. KATEGORIE 3 – LID
- 'n LID van die FONDS wat ná 1 September 1993 'n LID van die FONDS geword het en jonger as 50 jaar was op 1 Julie 2007.



3.8. KATEGORIE 4 – LID

'n LID van die FONDS wat ná 1 September 1993 'n LID van die FONDS geword het en 50 jaar of ouer was op 1 Julie 2007 en op daardie tydstip 'n LID van die FONDS was.

3.9. KATEGORIE 5 – LID

'n LID van die FONDS wat ná 1 Julie 2007 'n LID van die FONDS geword het.

4. OMSKRYWINGS:

Woorde en terme gedefinieer in die REËLS en nie in die SPESIALE REËLS voorkom nie sal die betekenis hê soos gedefinieer in die REËLS. In hierdie SPESIALE REËLS, tensy die samehang anders aandui, sal woorde soos omskryf in die WET en nie in hierdie SPESIALE REËLS, nie die betekenis hê wat in die WET daaraan geheg word; woorde en uitdrukkings in die manlike sal die vroulike insluit en omgekeerd en woorde en uitdrukkings in die enkelvoud sal die meervoud insluit en omgekeerd. Opskrifte en onderopskrifte is slegs om verwysing te vergemaklik en sal nie in ag geneem word by die interpretasie van hierdie SPESIALE REËLS nie.

4.1. STERFTE – INDIENS VOORDEEL

Enige sterfte - indiens voordeel verskaf ingevolge 'n goedgekeurde versekeringspolis uitgereik in die naam van die FONDS.

4.2. NORMALE AFTREE - OUDERDOM

Die ouderdom van 65 jaar.

4.3. ONGESKIKTHEIDSVOORDEEL

IRETIRE PENSION FUND

PF NO. 12/8/37716

Die LID is geregtig op 'n maandelikse inkomste, betaalbaar, in terme van - en onderhewig aan -, die bepalinge van 'n ONGESKIKTHEIDSVOORDEEL versekeringspolis aangegaan vir hierdie doel onderhewig aan 'n maksimum betaling in terme van die bepalinge van die versekeringspolis

4.4. LAAT AFTREEDATUM

Die ouderdom van 70 jaar.

4.5. REËLS

Die Algemene Reëls van die iRetire Pensioenfonds ten opsigte van alle DEELNEMENDE WERKGEWERS en die LEDE in hul diens.

4.6. VROEE AFTREE - OUDERDOM

Die ouderdom van 55 jaar

5. LOPENDE LEDE BYDRAES

5.1 'n KATEGORIE 1 – LID, 'n KATEGORIE 3 – LID en 'n KATEGORIE 5 – LID sal maandeliks 'n bydrae tot die FONDS lewer gelyk aan 7.5% van sy/haar BESOLDIGING.

5.2 'n KATEGORIE 2 - LID en 'n KATEGORIE 4 – LID, sal maandeliks 'n bydrae tot die FONDS lewer gelyk aan 10.5% van sy/haar BESOLDIGING.

5.3 Indien 'n LID se lidmaatskap nie op die eerste dag van 'n maand begin is nie, is geen bydrae vir die maand waarin hy/sy 'n LID word, deur die LID betaalbaar nie.

5.4 'n LID mag 'n bykomende bedrag tot die FONDS bydra, onderhewig aan die vooraf goedkeuring van die BELASTINGOWERHEDE.

6 LOPENDE WERKGEWERBYDRAES

- 6.1 Die WERKGEWER dra maandeliks 'n bedrag gelyk aan 12.5% van die BESOLDIGING van al die KATEGORIE 1 – LEDE, KATEGORIE 3 – LEDE en 'n KATEGORIE 5 – LEDE tot die FONDS by; en
- 6.2 Die WERKGEWER dra maandeliks 'n bedrag gelyk aan 17.5% van die BESOLDIGING van al die KATEGORIE 2 – LEDE en KATEGORIE 4 – LEDE tot die FONDS by.
- 6.3 Indien 'n LID se lidmaatskap nie op die eerste dag van 'n maand begin is nie, is geen bydraes vir die maand waarin hy/sy LID word, deur die WERKGEWER betaalbaar nie.
- 6.4 Die WERKGEWER mag 'n bykomende bedrag tot die FONDS bydra ten opsigte van 'n LID, onderhewig aan die vooraf toestemming van die BELASTINGOWERHEDE.


7 AFTREEVOORDELE:

7.1 AFTREDE OP NORMALE AFTREEDATUM:

'n LID sal by aftrede op NORMALE AFTREEDATUM geregtig wees om met die waarde van sy /haar LID AANDEEL 'n pensioen vanaf 'n GEREISTREERDE VERSEKERAAR vir homself/ haarself te voorsien.

7.2 PENSIOEN VANAF GEREISTREERDE VERSEKERAAR

- 7.2.1 Die pensioen waarna in SPESIALE REËL 7.1 verwys word, moet aangekoop word by 'n GEREISTREERDE VERSEKERAAR waarop die LID besluit het, met die LID as bevoordeelde.
- 7.2.2 Die FONDS se aanspreeklikheid ten opsigte van 'n LID wat aftree, is beperk tot die afsluiting van die pensioen met die GEREISTREERDE VERSEKERAAR vir die betaling ten opsigte van die LID. Onmiddellik nadat die FONDS die koopsom op die pensioen betaal het en, waar toepaslik, enige enkelbedrag betaling gemaak is, word die LID se LIDMAATSKAP van die FONDS beëindig.
- 7.2.3 Meer as een aankoop vir 'n pensioen mag ten opsigte van 'n LID gedoen word, onderhewig aan die bepalings en voorwaardes soos deur die BELASTINGOWERHEDE in hierdie verband voorgeskryf.
- 7.2.4 Die pensioen mag, onderhewig aan die reg van omskakeling in 'n enkelbedragbetaling wat voorsien word in die vorige REËL, nie-kommuteerbaar en nie-afkoopbaar wees gedurende



die leeftyd van die afgetrede LID nie. Dit mag nie oorgedra, gesedeer, verminder, beswaar of deur krediteure in beslag geneem word nie soos bepaal deur artikels 37A en 37B van die WET.

7.2.5 Die pensioen moet ten minste tot die dood van die LID betaalbaar wees.

7.3 GROTER VOORDELE BY AFTREDE OP NORMALE AFTREE – OUDERDOM

7.3.1 Beide 'n KATEGORIE 2 en 4 LID sal by AFTREDE OP NORMALE AFTREE – OUDERDOM, die GROTER VOORDEEL van die volgende ontvang:

7.3.1.1 Die voordeel na verwys in SPESIALE REËL 7.1; of

7.3.1.2 'n Bedrag wat voldoende is om met die waarde daarvan 'n jaarlikse pensioen wat gelyk is aan 2% van die LID se SALARIS op datum van aftrede, vermenigvuldig met t/12, waar t die getal volle maande in die LID se tydperk van PENSIOENGEWENDE DIENS is, vanaf 'n GEREISTREERDE VERSEKERAAR vir homself/ haarself te voorsien, onderhewig aan die voorwaardes van REËL 7.2.

7.3.1.3 In die geval waar REËL 7.3.1.2 hiervan die GROTER VOORDEEL is, sal die WERKGEWER so 'n verskil tussen die waarde wat nodig is om die voordeel beskryf in REËL 7.3.1.2 vanaf 'n GEREISTREERDE VERSEKERAAR vir homself/ haarself te kan voorsien, as 'n eenmalige kontant bedrag aan die FONDS betaal. Die bedrag sal by die LID se LID - AANDEEL gevoeg word. Die LID is dan verplig om vir homself/haarself van so 'n voordeel beskryf in REËL 7.3.1.2 te voorsien.

7.4 VROEË AFTREDE

'n LID mag, onderhewig aan die geskrewe goedkeuring van die WERKGEWER, te enige tyd na bereiking van die ouderdom van 55 jaar, aftree. In so 'n geval sal die LID op datum van VROEË AFTREDE geregtig wees om met die waarde van sy/haar LID AANDEEL 'n pensioen vanaf 'n GEREISTREERDE VERSEKERAAR (soos na verwys in REËL 7.2) vir homself/ haarself te voorsien.

7.5 GROTER VOORDELE BY VROEË AFTREDE

7.5.1 Beide 'n KATEGORIE 2 en 4 LID sal by VROEË AFTREDE die GROTER VOORDEEL van die volgende ontvang:

7.5.1.1 Die voordeel na verwys in REËL 7.1; of

7.5.1.2 'n Bedrag wat voldoende is om met die waarde daarvan 'n jaarlikse pensioen wat gelyk is aan 2% van die LID se SALARIS op datum van aftrede, vermenigvuldig met $t/12$, waar t die getal volle maande in die LID se tydperk van PENSIOENGEWENDE DIENS is, verminder met 0.25% vir elke volle maand wat die LID se diens voor die NORMALE AFTREE - OUDERDOM beëindig word, vanaf 'n GEREgistreerde VERSEKERAAR vir hom/ haarself te voorsien, onderhewig aan die voorwaardes van REËL 7.2.

7.5.2 In die geval waar REËL 7.5.1.2 van toepassing is m.a.w waar die GROTER VOORDEEL ter sprake is, sal die WERKGEWER so 'n verskil tussen die waarde wat nodig is om die voordeel beskryf in REËL 7.5.1.2 vanaf 'n GEREgistreerde VERSEKERAAR vir homself/ haarself te kan voorsien, as 'n eenmalige kontant bedrag aan die FONDS betaal. Die bedrag sal by die LID se LID - AANDEEL gevoeg word. Die LID is dan verplig om vir homself/haarself van so 'n voordeel beskryf in REËL 7.5.1.2 te voorsien.

7.6 AFTREDE AS GEVOLG VAN SWAK GESONDHEID

Nieteenstaande die bepalinge van REËL 7.1, sou, in die opinie van die WERKGEWER, onderhewig aan die goedkeuring van die RAAD en die BELASTINGOWERHEDE en onderhewig aan lewering van voldoende mediese bewys, 'n LID nie meer in staat wees om sy verantwoordelikhede na te kom as gevolg van swak gesondheid nie, mag so 'n LID op enige tyd aftree voor die NORMALE AFTREEDATUM. In so 'n geval sal die LID op datum van VROEE AFTREDE geregtig wees om met die waarde van sy/haar LID-AANDEEL 'n pensioen vanaf 'n GEREgistreerde VERSEKERAAR (soos na verwys in REËL 7.2) vir homself/ haarself te voorsien.

7.7 LAAT AFTREDE

7.7.1 KATEGORIE 1 en 2 LID

'n KATEGORIE 1 en 2 LID mag na sy/haar NORMALE AFTREEDATUM in diens van die WERKGEWER bly. In so 'n geval sal bydraes aanhou om betaalbaar te wees met betrekking tot die LID na die NORMALE AFTREEDATUM. Wanneer so 'n LID aftree sal die LID by LAAT AFTREDE geregtig wees om met die waarde van sy/haar LID AANDEEL 'n pensioen vanaf 'n GEREgistreerde VERSEKERAAR (soos na verwys in REËL 7.2) vir hom/haarself te voorsien, onderhewig aan REËL 7.5 (waar dit van toepassing is).

Deur by die FONDS aansoek te doen voordat die LID op pensioen kragtens hierdie DEEL geregtig word, mag die LID 'n gedeelte, beperk tot 'n maksimum van een derde, van die pensioen in 'n enkelbedragbetaling, soos deur die WET of enige Statutêre Maatreëls bepaal, omgesit word.

7.10 AANVULLENDE PENSIOEN

Indien 'n bedrag ten opsigte van 'n LID na die FONDS oorgedra word in opdrag van sy/haar vorige WERKGEWER, mag sodanige fondse aangewend word as 'n aanvullende bedrag vir die LID se pensioen voorsiening, wat kragtens hierdie DEEL, betaalbaar is.

8 STERFTEVOORDELE VOOR AFTREDE

Indien 'n LID sterf voordat hy/sy afgetree het in terme van die bepalings van hierdie REËLS, sal die volgende van toepassing wees, onderhewig aan die lewering van voldoende bewys van die LID se dood, aan die FONDS.

8.1 DOOD VOOR OF OP NORMALE AFTREEDATUM VAN 'N WERKNEMER

Die FONDS sal 'n enkelbedrag voordeel gelykstaande aan die oorlede LID se LID – AANDEEL in die FONDS soos op die datum van sy/ haar dood betaal ingevolge die bepalings van REËL 12.

8.2 RISIKO STERFTE IN DIENS ENKELBEDRAGVOORDEEL

Die LID se AFHANKLIKES en / of BENOEMDES is geregtig op 'n enkelbedrag van drie (3) maal die LID se jaarlikse inkomste ten tye van sy/ haar afterwe, betaalbaar, in terme van, en onderhewig aan, die bepalings van 'n STERFTE IN DIENS versekeringspolis aangegaan vir hierdie doel.

8.3 RISIKO STERFTE INDIENS GADEPENSIOENVOORDEEL

8.3.1 Ingevolge die bepalings van die STERFTE IN DIENS versekeringspolis aangegaan vir hierdie doel, is die LID se kwalifiserende gade geregtig op die enkelbedrag betaalbaar ingevolge die bepalings van REËL 8.2, asook 'n verdere kapitaalbedrag wat gelykstaande is aan 6 (ses) maal die LID se jaarlikse inkomste ten tye van sy / haar afsterwe aan die kwalifiserende gade te kan voorsien.

8.3.2 Hierdie verdere kapitaalbedrag moet aangewend word om 'n pensioen aan te koop vir sodanige gade vanaf 'n GEREGISTREERDE VERSEKERAAR soos die gade mag kies, en op so 'n wyse soos die gade besluit binne die perke van huidige, toepaslike wetgewing.

8.3.3 Die LID se gade moet binne ses maande na die LID se afsterwe aandui op watter wyse die pensioen aangekoop moet word. Na die aankoop van sodanige pensioen sal die FONDS geen verdere verpligting teenoor die gade hê nie.

8.4 RISIKO STERFTE-IN-DIENS VOORDEEL AAN BENOEMDES


8.4.1 Ingevolge die bepalings van die STERFTE IN DIENS versekeringspolis aangegaan vir hierdie doel, is die LID se BENOEMDES geregtig op die enkelbedrag betaalbaar ingevolge die bepalings van REËL 8.2, asook 'n verdere kapitaalbedrag wat gelykstaande is aan ses (6) maal die LID se jaarlikse inkomste ten tye van sy / haar afsterwe aan die BENOEMDES te kan voorsien.

8.4.2 Hierdie verdere kapitaalbedrag is slegs betaalbaar aan die lid se BENOEMDES sou die LID geen AFHANKLIKES hê nie.

8.4.3 Die LID se BENOEMDES moet binne ses maande na die LID se afsterwe aandui op watter wyse die verdere kapitaalbedrag uitbetaal moet word. Na die uitbetaling van sodanige kapitaalbedrag sal die FONDS geen verdere verpligting teenoor die BENOEMDES hê nie.

9 ONGESKIKTHEIDSVOORDEEL VOOR AFTREDE

9.1 Sou, in die opinie van die WERKGEWER, onderhewig aan die goedkeuring van die RAAD en die BELASTINGOWERHEDE en onderhewig aan lewering van voldoende mediese bewys aan die VERSEKERAAR, 'n LID voor die NORMALE AFTREE DATUM nie meer in staat wees om sy verantwoordelikhede na te kom as gevolg van swak gesondheid nie, sal die LID, ingevolge die bepalings van die ONGESKIKTHEIDSVOORDEEL versekeringspolis aangegaan vir hierdie doel, geregtig wees op 'n maandelikse inkomste voordeel soos omskryf in die ONGESKIKTHEIDSVOORDEEL versekeringspolis na 'n wagperiode soos gespesifiseer, aangegaan vir die doel.



9.2 Die LID sal 'n LID van die FONDS bly tot die NORMALE AFTREEDATUM waarna die LID sal aftree volgens die bepaling van REËL 7.

9.3 LID BYDRAES soos na verwys in REËL 5 sal van die LID se maandelikse inkomste soos na verwys in REËL 9.1 verhaal word en aan die FONDS oorbetaal word

9.4 WERKGEWER BYDRAES soos na verwys in REËL 6 sal oorbetaal word soos bepaal in die ONGESKIKTHEIDSVOORDEEL versekeringspolis

10. UITDIENSTREDINGSVOORDELE

Indien 'n LID die diens van die WERKGEWER verlaat voor sy/ haar NORMALE AFTREEDATUM (hetsy vrywilliglik deur die LID of weens besuinigende afdanking, oortolligheid, ander afdanking of enige ander rede), en die LID nie geregtig is op enige ander voordeel in terme van hierdie REËLS nie, sal die LID geregtig wees op die volgende:

10.1 KONTANTVOORDEEL

'n Enkelbedrag gelykstaande aan die LID se LID – AANDEEL in die FONDS op datum van beëindiging van diens.

10.2 OORDRAG NA ANDER FONDS

10.2.1 Die LID kan verkies dat die KONTANTVOORDEEL waarop hy geregtig is in terme van REËL 10.1, oorgedra word na 'n ander GOEDGEKEURDE FONDS van sy/haar keuse. In so 'n geval sal die FONDS die voordeel beskikbaar in terme van REËL 10.1 direk na so 'n GOEDGEKEURDE FONDS oorplaas namens die LID, waarna die LID geen verdere eis teen die FONDS sal hê nie.

10.2.2 Geen oordrag mag na 'n Bewaringsfonds gemaak word, tensy:

10.2.2.1 die Bewaringsfonds as 'n Pensioen – bewaringsfonds deur die BELASTINGOWERHEDE erken word; en

10.2.2.2 die LID se WERKGEWER as 'n deelnemende werkgewer aan die Bewaringsfonds deelneem en daaraan begin deelneem het voor die beëindiging van die LID se diens by die WERKGEWER.

10.2.3 Indien 'n LID 'n oordrag na 'n Bewaringsfonds kies, mag die LID geen kontantvoordeel neem nie en moet die LID sy/haar volle oordragvoordeel na die Bewaringsfonds oordra, minus:

10.2.3.1 enige oordrag na 'n Fonds wat deur die BELASTINGOWERHEDE as 'n Uittredingsanuuïteitsfonds goedgekeur is; en

10.2.3.2 enige aftrekkings kragtens REËL 12.3.

10.2.4 'n LID mag nie die onttrekkingsopsie wat deur die Bewaringsfonds voorsien word uitoefen nie, indien:

10.2.4.1 daar eers 'n aftrekking van die LID se oordragvoordeel kragtens REËL 12.3 gemaak moet word; of

10.2.4.2 'n deel van die LID se belang in die FONDS die LID se voormalige gade toeval kragtens artikel 7(8) van die Egskeidingswet.

10.3 OPSIE OP GEDEELTELIKE KONTANTVOORDEEL EN GEDEELTELIKE OORDRAGVOORDEEL


Die LID kan die volle of 'n gedeelte van die kontantvoordeel na verwys in REËL 10.1 kies, asook daardie gedeelte van die oordragvoordeel wat oorbly, nadat dit verminder is met die bedrag wat as 'n kontantvoordeel geneem word.

10.4 WERKGEWER SE REG OM BETALING VAN DIE KONTANTVOORDEEL UIT TE STEL

Indien 'n LID 'n kontantvoordeel kragtens REËL 10.1 kies, kan die WERKGEWER bepaal dat dit eers twaalf maande na die datum van diensbeëindiging aan die LID betaal mag word.

In die geval waar die betaling uitgestel word, word groei by die kontantvoordeel gevoeg vir die tydperk vanaf diensbeëindiging, tot betaling van die voordeel.

10.5 SPESIALE BEPERKING OP OPSIES



10.5.1 Enige opsie wat kragtens hierdie DEEL uitgeoefen word, is onherroeplik.

10.5.2 Indien 'n LID nie binne drie maande na sy/haar beëindiging van diens 'n opsie kragtens hierdie DEEL uitoefen nie, word dit geag dat die LID die kontantvoordeel gekies het.

11 AFWESIGHEID UIT DIENS

11.1 AFWESIGHEID MET DIE WERKGEWER SE TOESTEMMING

11.1.1 Indien 'n LID met die WERKGEWER se toestemming uit die diens van die WERKGEWER afwesig is, word die LID se LIDMAATSKAP voortgesit, onderhewig aan die volgende:

11.1.2 Die LID mag, met die toestemming van die WERKGEWER, sy / haar BYDRAES tot die FONDS opskort, in welke geval:

11.1.2.1 die WERKGEWER se BYDRAES tot die FONDS in verband met die LID ook opgeskort word; en

11.1.2.2 geen Pensioengewende diens vir die LID oploop nie.

11.1.3 Gedurende die tydperk van afwesigheid word die BESOLDIGING in verband met so 'n LID geag gelyk te wees aan die BESOLDIGING wat die LID ontvang het onmiddellik voor die begin van die LID se afwesigheid.

11.1.4 Risikovooredele bly slegs op die LID van toepassing wat nie sy/ haar BYDRAES tot die FONDS ingevolge REËL 11.1.2 opgeskort het nie, vir die periode van afwesigheid, maar nie vir langer as twee jaar nie. Tydperke van afwesigheid wat met minder as drie maande onderbreek word, word bymekaar getel om te bepaal of die tydperk van twee jaar verstryk het of nie.

- 11.1.5 Die LID kan die opsie uitoefen om gedurende die periode van afwesigheid, die risikovoordele onderhou deur namens die WERKGEWER die premies soos bepaal in die versekeringspolis te betaal.

11.2 AFWESIGHEID SONDER DIE WERKGEWER SE TOESTEMMING

'n LID se LIDMAATSKAP verval en die LID se diens by die WERKGEWER word geag beëindig te wees indien en sodra die LID uit die diens van die WERKGEWER afwesig is sonder die WERKGEWER se toestemming en nie BESOLDIG word terwyl die LID aldus afwesig is nie.


11.3 LID WAT ONGESKIKTHEIDSVORDEEL ONTVANG

VORIGE BEDELING LEDE wat op OMSKAKELINGSDATUM reeds 'n ongeskiktheidsinkomste ontvang sal voortgaan om 'n ongeskiktheidsinkomste te ontvang in terme van – en onderhewig aan – die ONGESKIKTHEID versekeringspolis soos aangegaan met 'n GEREISTREERDE VERSEKERAAR.

12 DIVERSE BEPALINGS

12.1 BENOEMDES BY AFSTERWE VOOR NORMALE AFTREEDATUM

- 12.1.1 Onderhewig aan die voorskrifte wat deur die FONDS neergelê is, kan 'n LID skriftelik 'n persoon aanwys (en so 'n aanwysing skriftelik herroep) om voordele in geval van die LID se afsterwe te ontvang.
- 12.1.2 Die voordele wat aan AFHANKLIKES en BENOEMDES van 'n oorlede LID, anders as die wat aan 'n bepaalde AFHANKLIKE en BENOEMDES kragtens ander reëls betaalbaar is, word deur die FONDS aan die AFHANKLIKES en BENOEMDES betaal in verhoudings wat deur die RAAD aangevuldig regverdig beskou word.
- 12.1.3 Indien die FONDS nie binne twaalf maande na die dood van die LID van 'n AFHANKLIKE en BENOEMDE van die LID te wete kom of een opspoor nie, word hierdie voordele in die boedel van die LID gestort of, indien daar nie ten opsigte van die LID 'n inventaris ingevolge artikel 9 van die Boedelwet, 1965, deur die Meester van die Hooggeregshof ontvang is nie, in die Voogdyfondus gestort. Hierdie sub – REËL is onderhewig aan artikel 36C van die WET.
- 12.1.4 'n Betaling wat kragtens REËL 12.1 aan 'n persoon gedoen moet word, mag aan 'n voogd of kurator of 'n trustee beoog in die Wet op die Beheer van Trustgoed, 1988 (wat nie 'n beampte van die



FONDS mag wees nie), vir die voordeel van so 'n persoon, gedoen word. Sulke betalings onthef die FONDS van enige verdere aanspreeklikheid in verband met so 'n persoon.

- 12.1.5 Die FONDS mag die besluit om betaling aan 'n bepaalde persoon te maak, op enige tydstop verander. Indien 'n persoon aan wie betaling kragtens die REËLS gedoen word, (anders as 'n LID) te sterwe kom voordat betaling van die voordeel aan so 'n persoon voltooi is, sal die FONDS die voordeel aan so 'n persoon se boedel betaal.

12.2 VOORDELE ONVERVREEMBAAR

- 12.2.1 Alle voordele en regte op voordele kragtens hierdie REËLS is onderhewig aan die voorwaardes ten opsigte van, onder andere, vermindering, sessie en beslaglegging waarna in artikels 37A en 37B van die WET verwys word.

- 12.2.2 Behoudens REËL 12.3, maak 'n voordeel wat deur die FONDS in verband met 'n gestorwe LID betaalbaar is, nie deel uit van die bates in die boedel van so 'n LID nie.

12.3 AFTREKKING VAN VOORDELE

- 12.3.1 Volgens reëling met en namens 'n LID of BENOEMDE, mag die FONDS die volgende betaal –

- 12.3.1.1 Die LID of BENOEMDE se ledegeld van 'n geregistreerde mediese skema; of
- 12.3.1.2 'n Versekeringpremie wat deur so 'n LID of BENOEMDE aan 'n GEREgistreerde VERSEKERAAR betaalbaar is; of
- 12.3.1.3 'n Bedrag vir enige doeleindes wat deur die REGISTRATEUR goedgekeur word, op die voorwaardes wat die REGISTRATEUR bepaal.
- 12.3.1.4 Die RAAD mag die bedrae van die voordeel waarop die LID of BENOEMDE kragtens die REËLS geregtig is, aftrek.

- 12.3.2 Die RAAD mag ook sekere ander bedrae uit voordele wat kragtens die REËLS betaalbaar is, verhaal en dit aan die WERKGEWER, waar van toepassing, betaal. Hierdie bedrae is –

- 12.3.2.1 Enige bedrag wat die LID aan die FONDS of die WERKGEWER verskuldig is in verband met 'n lening wat aan die LID toegestaan is vir 'n woning;
- 12.3.2.2 Die bedrag van enige skade wat die WERKGEWER gely het vanweë diefstal, oneerlikheid, bedrog of wangedrag deur die LID en ten opsigte waarvan die LID skriftelik aanspreeklikheid teenoor die WERKGEWER erken het, of vonnis teen die LID in 'n hof verkry is.

- 12.3.2.3 'n Eis vir die bedrag wat kragtens REËL 12.3.2 verskuldig is, moet skriftelik aan die RAAD binne 'n redelike tyd vanaf die gebeurtenis wat aanleiding gee tot die betaling van die voordeel, voorgelê word. Die redelike tyd waarbinne sodanige eise voorgelê moet word, word van tyd tot tyd deur die RAAD bepaal.
- 12.3.2.4 Die FONDS se reg kragtens REËL 12.3.2 om bedrae uit voordele te verhaal, is beperk tot die bedrag wat kragtens die REËLS deur die LID of BENOEMDE as enkelbedragvoordeel geneem mag word. Om aftrekkings te maak van voordele wien opsigte van 'n LID betaalbaar is, mag die RAAD die bedrag van enige pensioen wat betaalbaar gaan word vir 'n enkelbedrag, kommuteer, tot die maksimum bedrag wat kragtens die REËLS gekommuteer mag word.


12.GEREGISTREERDE ADRES VAN DIE DEELNEMENDE WERKGEWER:

Geregistreerde Adres: Brooksstraat 109, Brooklyn, Pretoria


Pos Adres: Posbus 11488, Hatfield, 0028

Dit word gesertifiseer dat hierdie besluit in ooreenstemming met die bestaande PENSIOENFONDSREËL geneem is.


Geteken te Pretoria op 15 Maart 2012


.....


Voorsitter van die RAAD



.....


Lid van die RAAD


.....

Hoofbeampte


.....
Getuie


.....
Getuie



.....
Getuie

IRETIRE PENSION FUND

PF NO. 12/8/37716



Werkgewer



Getuie

